
GELOOF FAITH

In Die Woord In The Word



Geloof is uit die gehoor en die gehoor is deur die Woord van God Rom. 10:17

Faith cometh by hearing and hearing by the Word of God. Rom. 10:17

POSBUS 112, STANGER, 4450/ POSBUS 232, BALLITO, 4420 · TEL: (032) 551 2419

E-MAIL:stangerchristiancentre@gmail.com/ Web: stangerchristiancentre.com

As mentioned in our previous Newsletter ,we are so excited to announce the launch of our brand new website!

You are now able to read and download all our books and previous newsletters and listen to Dr James van Zyl ministering. We will be adding more dvd's and podcast sermons of Dr James van Zyl .
Please have a look at our website: **"www.stangerchristiancentre.com"**

Spreek Lewe

Die Bybel sê vir ons in die Boek Genesis: 1:26-27 dat God die mens na Sy beeld gemaak het volgens Sy gelykenis. Hy het die mens met 'n vry wil gemaak, wat hom die vryheid gee om te kies. Die mens se wil word dus altyd deur die mens beheer, God sal nie vir jou kies nie, en die duiwel het hoegenaamd geen beheer oor jou wil nie. God het hom dit geweier! Die keuses wat jy maak, is jou verantwoordelikheid alleen en jy kan niemand anders daarvoor blameer nie. God begeer egter met Sy hele hart dat jy die regte keuses sal maak soos jy deur die lewe gaan, en dat jy Sy wil en weë vir jou sal kies, want hulle eindig altyd in LEWE! Daardie gedagte is presies wat Hy vir Sy volk weergegee het in Deut. 30:19-20, toe Hy gesê het: **Ek neem vandag die hemel en die aarde as getuies teen julle; die lewe en die dood, die seën en die vloek het ek jou voorgehou. Kies dan die lewe, dat jy kan lewe, jy en jou nageslag, deur die HERE jou God lief te hê, na sy stem te luister en Hom aan te hang; want dit is jou lewe en die lengte van jou dae, sodat jy kan woon in die land wat die HERE aan jou vaders Abraham, Isak en Jakob met 'n eed beloof het om dit aan hulle te gee.**
Hierdie waarheid plaas 'n groot verantwoordelikheid op ons, omdat aan ons die mag van keuse gegee is en ons kan dus nooit die blaam plaas op enigiemand anders as onsself vir die keuses wat ons gemaak het nie. God het die mens ook geskape met die mag van spraak. Ons kan met God kommunikeer en met mekaar deur ons vermoë van spraak. Ons is in die opsig uniek, geen ander lewende ding wat God geskape het het hierdie vermoë nie, net die mens, want dit is geskryf dat ons na die beeld en gelykenis van God geskape is. **En God het gesê: Laat Ons mense maak na ons beeld, na ons gelykenis (Gen.1:26).** God het ons geskape om gemeenskap met Hom te hê en om Hom te aanbid, en hiervoor was dit nodig dat ons met Hom kan kommunikeer deur spraak. God begeer ons danksegging, lofprysing en aanbidding en om dit te kan doen moet ons kan praat. Ons gebruik ons tong om Sy Heilige Naam te verheerlik.

In Genesis hoofstuk 1, lees ons die verslag van God se skepping en ons sien dat alles wat Hy geskape het tot stand gebring is deur Sy gesproke Woord. In vers 3 sê God: **Laat daar lig wees, en daar was lig.** In vers 6 sê God: **Laat daar 'n uitspansel wees tussen die waters, en laat dit skeiding maak tussen waters en waters.** En dit was so. Op dieselfde manier het Hy land geskape (vers 9), gras en bome (vers 11), die son, sterre en maan (verse 14 en 16) en lewende wesens (verse 20). Dit is 'n wonderlike waarheid en is 'n demonstrasie van die krag wat bestaan in die gesproke Woord van God! Jesus het ons verseker dat God se Woord vir ewig vasgestel is en voordat die hemel en die aarde verby gaan, sal nie een jota of titel van Sy Woord verby gaan nie (Matt. 5:18).

God het die mens liefdevol en met die uiterste sorg geskape, die kroon van Sy skepping en hom uit die stof van die aarde gevorm. Toe het God aan die mens hierdie spesiale vermoë gegee, die mag van spraak. Wat 'n wonderlike geskenk en hoe belangrik vir ons lewens. Die mens kan ook kommunikeer, geniet en verhoudings met ander hê. Die woorde wat hy kies om te praat sal sy lewe beïnvloed en beheer. Jesus het vir Sy dissipels gesê: **Want, voorwaar Ek sê vir julle dat elkeen wat vir hierdie berg sê: Hef jou op en werp jou in die see — en nie in sy hart twyfel nie, maar glo dat wat hy sê, sal gebeur — hy sal verkry net wat hy sê (Mark. 11:23).** Die Skrif bevestig dat wat ons sê ons lewens raak, daarom as ons God se Woord spreek, weet ons dat ons LEWE spreek!
Die Bybel sê vir ons dat God se Woord VASGESTEL is – Hy eer altyd Sy Woord. Die Psalmis sê: **Vir ewig, O Here, staan U Woord vas in die hemele (Ps. 119:89).**
Sy Woord sê vir ons dat **God geen man is dat Hy sou lieg nie; of 'n mensekind dat dit Hom sou berou nie. Sou Hy iets sê en dit nie doen nie, of spreek en dit nie waar maak nie? (Num. 23:19)** Hierdie feite wys na die wonderlike waarheid dat God altyd getrou is, Sy Woord is volkome betroubaar, dit is lewend en magtig. **Want die woord van God is lewend en kragtig en skerper as enige tweesnydende swaard, en dring deur tot die skeiding van siel en gees en van gewrigte en murg. enis 'n beoordelaar van die oorlegginge en gedagtes van die hart (Heb. 4:12).** God en Sy Woord is Een.

Ons lees die wonderlike Skrifgedeelte in die Evangelie van Johannes hoofstuk 1 wat verklaar dat Jesus die Lewende Woord is: **In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. Hy was in die begin by God. Alle dinge het deur Hom ontstaan, en sonder Hom het nie een ding ontstaan wat ontstaan het nie. En die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon — en ons het sy heerlikheid aanskou, 'n heerlikheid soos van die Eniggeborene wat van die Vader kom — vol van genade en waarheid (Joh. 1:1,2,3,14).** Ons kan selfs nie eers begin om die Lewe, die Lig en die Mag voor te stel of te begryp, wat in Sy Woord bestaan nie.
Dit is waarom ons moet let op **Spr. 4:20 – 22: My seun, luister na wat ek sê, neig jou oor tot my woorde, laat hulle nie wyk uit jou oë nie, bewaar hulle binne-in jou hart. Want hulle is die lewe vir die wat hulle vind, en 'n genesing vir hulle hele liggaam.**
Petrus spoor ons aan in **1 Pet. 4:11: As iemand spreek, laat dit wees soos woorde van God.....**

Ek het myself afgevra, hoe kan ons woorde soos God spreek? Toe het die Heilige Gees my in 2 Tim. 3 vers 16 gewys dat: **Die hele Skrif is deur God ingegee .....,** wat beteken dat elke woord in die Bybel deur God geïnspireer is. Dan weer word aan ons vertel in **2 Pet. 1:21: Want geen profesie is ooit deur die wil van 'n mens voortgebring nie, maar deur die Heilige Gees gedrywe, het die heilige mense van God gespreek.** Dit is duidelik uit die voorafgaande, dat dit altyd God se bedoeling vir die mens was om te praat soos Hy praat, om Sy Woorde in enige situasie te gebruik, om Sy waarhede

te verklaar wat LEWE sal voortbring en LIG bring. Woorde van geloof, woorde van hoop, omdat God oor Sy Woord waak om dit te doen – om dit te laat gebeur.
God verklaar: **So sal my woord wees wat uit my mond uitgaan: dit sal nie leeg na My terugkeer nie, maar doen wat My behaag en voorspoedig wees in alles waartoe Ek dit stuur (Jes.55:11).** God sê hier dat Sy Woord altyd sal voortbring wat Hy bedoel het om voort te bring. Dit sal nooit misluk, wanneer ons dus Sy Woord in enige situasie spreek, moet **ons onthou dat dit SY WOORD is wat ons met geloof in ons harte spreek en om hierdie rede kan ons verwag dat dit deur God Self geëer sal word. Maar wat sê dit? Naby jou is die woord, in jou mond en in jou hart. Dit is die woord van die geloof wat ons verkondig (Rom.10:8).**
Die Here sê in **Psalm 89:35: Ek sal my verbond nie ontheilig nie, en wat oor my lippe gegaan het, sal Ek nie verander nie.** En in Maleagi 3:6, verklaar God: **Want Ek, die HERE, het nie verander nie.**
Laat ons vir 'n oomblik dink aan die manier waarin die "wêreld" en die duiwel ons gekondisioneer het om te praat. Sonder om eers te dink, praat ons outomaties op daardie manier. Ons sê dinge soos: "Ek is siek en sat", "Niks goeds gebeur ooit met my nie", " Ek is bang want dit lyk my waar ek ook al gaan agtervolg moeilikheid my altyd ", "As ek bid voel dit asof dit nie help nie, dit voel asof God my nooit hoor nie, dit voel asof my gebede net tot by die plafon kom", "God voel so ver ". "Ek bid vir my familie se redding, maar dit lyk asof dit geen uitwerking het nie ". Hierdie is alles leuens van die vyand en die volkome teenoorgestelde van wat God se Woord oor ons sê, en tog waak ons nie oor ons monde nie. As ons egter die Woorde van God oor ons omstandighede sou spreek, is dit wat ons MOET sê: **En geen inwoner sal sê: Ek is siek nie (Jes. 33:24)** en **deur die wonde van Jesus is ons genees (Jes. 53:5)**, daarom is siekte nie my deel nie, die prys is deur Jesus aan die kruis op Golgota betaal. **God sal die goeie nie onthou aan die wat in opregtheid wandel nie (Psalm 84:12)** en **Hy het my uit al my vrees gered (Psalm 34:5)**. **Die oë van die HERE is op die regverdiges, en sy ore tot hulle hulpgeroep (Psalm 34:16)**. **Die HERE hoor, en Hy red hulle uit al hul benoudhede (Psalm 34:18)....** en Hy doen dit ook vir my!

Een van Satan se effektiefste strikke is om te lieg en twyfel in die gedagtes van die gelowige te plaas, en die kinders van God glo sy leuens so maklik, dat hulle aanhoudend negatiewe woorde van mislukking verklaar wat op sy beurt kleiner geloof en neerlaag in hul lewens veroorsaak. Die houding van neerslagtigheid en negatiwiteit word gevoed deur hierdie vernietigende woorde wat hulle aanhoudend herhaal. Onthou die woorde wat ons lees in **Mark. 11:23: Want, voorwaar Ek sê vir julle dat elkeen wat vir hierdie berg sê: Hef jou op en werp jou in die see — en nie in sy hart twyfel nie, maar GLO dat wat hy Sê, sal gebeur — hy sal verkry net wat hy sê.**
Die sleutel tot die waarheid van hierdie Skrif lê in die woorde "**GLO"** dat die dinge wat hy **"Sê"** sal gebeur. Hy sal **KRY** wat hy **Sê.** Ons mond spreek wat ons hart glo en daarom weet ons presies wat in ons hart is deur die woorde wat ons uitspreek. Jesus het gesê: **Die goeie mens bring uit die goeie skat van sy hart te voorskyn wat goed is; en die slegte mens bring uit die slegte skat van sy hart te voorskyn wat sleg is; want uit die oorvloed van die hart spreek sy mond (Luk. 6:45).** Wat 'n mens in sy hart glo sal by sy mond uitkom! Glo ons God se Woord?
Selfs wanneer dit by die belangrikste besluit van jou lewe kom, wat jou verlossing is, plaas jou woorde die seël op die verbond. Lees Romeine 10:9-10: **"... met jou mond ..... sal jy gered word." "Met die mond bely ons tot redding."** Dit is dieselfde wanneer 'n bruid en bruidegom voor 'n prediker staan wat hul huwelik uitvoer, hy kan hulle nie as man en vrou bevestig nie totdat elkeen **Sê,** ek neem hierdie man of hierdie vrou aan as my wettig getroude man of vrou. Voordat die woorde nie uitgespreek word nie, is die huwelik ongeldig en so is dit met die aanneming van Jesus Christus as Here en Verlosser, ons moet

in ons hart glo en dit dan BELY, ons moet dit wat ons glo hardop Sê. **As jy met jou mond die Here Jesus bely en met jou hart glo dat God Hom uit die dode opgewek het, sal jy gered word; want met die hart glo ons tot geregtigheid en met die mond bely ons tot redding (Rom. 10:9-10).** Ons Verlossing hang af van die "glo met die hart" – dit is geloof – en dan " sê hardop" wat ons glo! Dit is 'n geestelike beginsel om elke belofte wat God ons in Sy Woord gegee het te ontvang, glo en dan verklaar wat ons glo!
God se Woord is vol wonderlike beloftes wat die erfenis is vir Sy kinders wat gehoorsaam is aan die voorwaardes van daardie beloftes. Besef jy dat as jy die teenoorgestelde bely van hierdie beloftes met pessimistiese, negatiewe woorde van swakheid en mislukking, jy onbewustelik sondig! Om dit te vererger verheerlik jy in werklikheid die duiwel, omdat jy met jou mond verklaar dat sy krag eintlik groter is as die mag van God. Kan jy die gevaar sien van woorde wat deur ongedissiplineerde lippe gespreek word? Lewe en dood is in die mag van die tong (woorde). Ons moet die regte spraak gewoontes ontwikkel om die oorwinning te ontvang!
Daar word gesê dat **gewoontes** ons **lewens** regeer, maar netso waar is dit dat ons **woorde** ons **gewoontes** regeer. Woorde kan die pad wat jy kies bepaal; die pad van neerlaag deur na die leuens van die duiwel te luister en dit te verklaar, of die pad wat God vir jou voorberei het – een van liefde, vrede, blydskap en Sy voorsiening. **Want Ék weet watter gedagtes Ek aangaande julle koester, spreek die HERE, gedagtes van vrede en nie van onheil nie, om julle 'n hoopvolle toekoms te gee (Jer. 29:11).**

God eer verseker ons geloof in Sy Woord, en ek deel die getuienis met jou om dit te illustreer!
'n Baie dierbare ou man, Oom Flippie, het die hele pad van Christiana af gekom na 'n genesings diens in Stanger, sodat Dr James vir hom kon bid vir genesing van 'n kankergroeisel langs sy neus. Hy was vol geloof en het met aandag geluister na die Woord wat Dr James oor Goddelike genesing bedien het, en Dr James het aan die gemeente verduidelik dat geloof net eenvoudig was om te glo dat God sou doen wat Sy Woord beloof het dat Hy sal doen, en dat ons moet glo soos klein kindertjies, omdat God nie 'n mens is dat Hy sou lieg nie. Nadat Dr James vir Oom Flippie gebid het, het hy die Here geloof en Dr James bedank omdat Dr James vir hom gebid het en hy en sy gesin het terug gegaan na Christiana. Sy dokters het hom aangeraai om vir 'n operasie en radium behandeling te gaan om die vergroeisel te verwyder en gesê dat hoe gouer hy dit laat doen, hoe beter sal die resultate wees. Oom Flippie het egter vas gestaan en verklaar, "'n Gelowige het hande op my gelê en vir my gebid in Jesus se Naam en volgens God se Woord en Sy belofte in Markus 16 vers 18, glo ek dat ek genees is, want die Bybel sê dat wanneer jy bid moet jy glo dat jy ontvang en jy sal dit verkry ". Hy het vas in die geloof gestaan, God geglo – die groeisel het egter al groter geword en die dokters het bekommerder geraak omdat die soort kanker gewoonlik noodlottig is.
'n Tyd later het hy na Stanger gegaan, net vir 'n besoek gedurende hul vakansie. Toe Dr James hom sien en die grootte van die groeisel, wat in grootte verdubbel het, het Dr James se mediese kennis op daardie oomblik sy kennis van God se Woord en Sy beloftes oortref het, en hy het vir Oom Flippie gesê, "Weet jy Oom Flippie, die Here gebruik ook dokters en miskien wil Hy in jou geval 'n operasie gebruik ." "Wat?!" het hy vir Dokter James gesê. "Jy het vir my gesê dat die Here belowe het om my te genees as ek op Hom en Sy Woord vertrou, en jy het vir my gebid en ons albei het saamgestem dat God se belofte vir genesing waar is, en nou vertel jy my iets anders." Dokter James het hom dadelik om verskoning gevra, en dit voor die Here bely en hulle twee het die Here gedank vir die genesing wat Hy besig was om in Oom Flippie se liggaam te doen. Terug in Christiana het hy

sterk gestaan en verklaar, "God het dit gesê, ek glo dit en dit is afgehandel." Minder as 'n week later het hy die aand bed toe gegaan, nou was die groeisel baie groter en het sleg gelyk, toe hy die volgende oggend wakker word, het dit heeltemal verdwyn! Hy het gesê dat nadat hy opgestaan het, het hy in die spieël gekyk en 'n gladde vel gesien waar die groeisel was, dit het gedurende die nag af geval! Wat 'n wonderlike wonderwerk en hoe wonderbaarlik het God gereageer op Oom Flippie se standvastige geloof. Hy is 'n werklike voorbeeld vir ons almal.
Dit sal 'n lewenswyse word as jy jouself oefen om God se Woord te spreek en te verklaar, die taal van die Bybel, en jy sal die blydskap en die oorvloedige lewe ondervind waarvoor Jesus gekom het om aan ons te gee, vry van die gebondenheid wat ons dikwels van God se seëninge beroof het. Hierdie seëninge van blydskap, vrede, gesondheid, vryheid, krag en oorwinning hang af van jou geloof en woorde wat in ooreenstemming met die Woord van God is.



Skatkis

"Kyk, ook die skepe, alhoewel hulle so groot is en deur hewige winde voortgedryf word, word gestuur deur 'n baie klein roer net waarheen die stuurman wil. Net so is die tong ook 'n klein lid en bero-em hom op groot dinge — kyk hoe 'n groot hoop hout steek 'n klein vuurtjie aan die brand"
(Jak. 3:4-5)

Jakobus praat oor die vernietiging wat ons met ons woorde kan veroorsaak. Die teenoorgestelde is natuurlik ook waar! Ons kan besluit, want ons wil is betrokke, of ons wil seën of vervloek. Ons woorde kan mense vry maak of gevange neem. Ons kan kies om saad van onenigheid te plant of die liefde en waarheid van Jesus in harte en lewens te saai.

Ons kan die water van die Heilige Gees op verwoestende vure van woede en haat gooi of die vuur laat opvlam met ons woorde. Ons kan skepe na die veiligheid van die hawe draai, weg van die row-we see van vernietiging of stuur reddingsbote uit om die wat ver-drink te red.

Dit is net moontlik in en deur die Gees en krag van ons Here Jesus. Laat ons vir Sy wysheid vra en ons kan na Hom opkyk wanneer *ons ons mond wyd oop maak dat Hy dit kan vul! (Psalm 81:11)*

UIT ONS KANTOOR

Geliefdes,

In **Josua 1:8** word ons opdrag gegee:**"Hierdie wetboek mag nie uit jou mond wyk nie; maar bepeins dit dag en nag, sodat jy nougeset kan handel volgens alles wat daarin geskrywe staan; want dan sal jy in jou weë voorspoedig wees, en dan sal jy met goeie gevolg handel."**

Toe God die aflosstokkie van Moses na Josua oorgedra het, het Hy aan Josua die sleutel tot sukses gegee. Die sleutel was om God se Woord voor Hom te hou, en om nooit van enige van die opdragte daarvan af te wyk nie. Ware voorspoed kom wanneer ons God se Woord as die finale outoriteit van ons lewens hou en daagliks oor die waarheid daarvan mediteer. Wanneer ons dit doen, volgens **Rom.10:17**,skiet die waarheid van God se Woord, wat ons hoor, wortel in ons verstand en harte en produseer die geestelike krag van geloof. Geloof is 'n rou geestelike krag, 'n stof wat ons beweeg van 'n slagoffer in hierdie lewe, na 'n oorwinnaar. In plaas daarvan om omstandighede net te aanvaar, wat in stryd is met die beloftes van God vir ons lewens, is ons in staat om met vertroue op die waarheid van God se woord te staan en met Sy gesag, Sy Woord in daardie omstandighede in te spreek - en kyk hoe hulle verander . Alhoewel dit noodsaaklik is om God se Woord te glo en te verklaar vir ons om voorspoedig te wees; moet ons nooit die opdrag nalaat om die Woord van God te gehoorsaam en volgens die beginsels daarvan te lewe nie. Sonder 'n lewe wat toegewy is aan die werk van die Heilige Gees, waar ons die wil van God bo ons eie kies – in alles; sal ons geloof nie die resultate lewer wat ons verlang om te sien nie. Ware voorspoed het alles te doen met die hoor en gehoorsaamheid van God se Woord, om dit toe te laat om ons van binne te transformeer – en dan die waarheid daarvan te verklaar om te sien hoe omstandighede aan die buitekant verander!

Wees asseblief verseker van ons gebede vir elkeen van julle, terwyl julle gehoorsaamheid kies en God toelaat om julle van binne te verander. Gee Hom alle eer wanneer ons die manifestasie van ons geloof sien.

Baie dankie vir julle almal se liefde, ondersteuning en gebede.

God seën julle,

Meg Van Zyl en die Gebedspan

Nota oor Donasies

Geliefdes,
Ons is so dankbaar vir julle donasies aan ons bediening en wil julle graag persoonlik daarvoor bedank. Ons het nog julle posadresse, maar kan dit nie langer gebruik a.g.v die posstelsel. Omdat julle E-pos adresse nie altyd ooreenkom met julle name nie, is dit moeilik om julle van jul E-posse af te herken. Kan julle asseblief, as dit moontlik is, ons op julle E-pos laat weet wie julle is sodat ons julle kan bedank. Baie dankie.
Ons waardeer elkeen van julle
Liefde groete.

Meg Van Zyl en Gebedspan

THE POWER OF YOUR WORDS

One of the most common ways through which Christians give place to the devil, is by their careless and negative words. Words that find fault, words that deceive and words that break down and criticise, are all destructive to our spiritual lives, they are actually the devil's language and do untold damage. Be mindful of your words, choosing them carefully, because they bring with them either a blessing or a curse. **Prov. 18:21 tells us** that: Death and life are in the power of the tongue: and they that love it shall eat the fruit thereof. Prov. 21:23: Whoso keeps his mouth and his tongue, keeps his soul from troubles.

God gives us victory - not defeat. Read, meditate upon and then proclaim **2 Cor. 2:14** repeatedly until it floods your heart and mind so that it manifests in all you say and do. It says, **"But thanks be to God, who always causes us to triumph in Christ."** Proclaim it out aloud! Rejoice and declare it for all to hear. Perhaps your circumstances at this moment seem overwhelming, too much to bear and you are experiencing defeat, however right now you have to make a choice! Are you going to live your life according to the Word of God, in other words, are you going to be obedient to the Word of God, or are you going to live life according to your feelings and your circumstances?

We may have wondered in times past, what Jesus really meant when He said in **Matt. 4:4**: **"Man shall not live by bread alone, but by every word that proceeds out of the mouth of God."** But in His Light we see that we are literally to live on the Bible, the Word of God, which is the Bread of Life, in order that we might gain strength and be victorious in every situation that life brings our way.

God says in **Heb. 10:23**: **"Let us hold fast the profession** (confession) **of our faith without wavering."** When we experience tough circumstances and trials in our lives, let us proclaim our faith, without wavering, and victory will surely follow. The devil sows hopelessness, confusion and doubt in our hearts so that we question God's promises. Satan always attacks our faith in God and in His Word.

It gives such hope and joy to the listener, when we hear life giving speech that glorifies and gives thanks to our Lord for all He has done! Just think how much your faith is built up when someone testifies of a miracle. What a wonderful opportunity this is for Christians to praise God and encourage others in their walk of faith, as they tell of God's miracles and provision.

Our continual worrying and complaining about difficult circumstances will not help in any situation. GOD GAVE US HIS PROMISES IN HIS WORD - promises we are to believe and proclaim in order to overcome all problems, trials and demonic attacks, so that we might live in health and in His provision, but too often we choose to struggle along in our own strength and worldly wisdom. We need to take hold of His precious promises and make them our own by believing them and then proclaiming them!

When you constantly talk to others about your problems, it does not bring glory to God. For the child of God there is only one way to overcome the devil and that is by speaking the Word of God. Instead of negative and defeatist talk, remind Satan of God's Word. When asked you how you are, you reply by saying that you are believing the Lord for the victory, or the healing, or the solution to the problem whatever it may be; and that you are standing on the promises of God. That is quite true and is in accordance with God's Word.

Remember how Jesus spent forty days in the desert, fasting, and how Satan tempted him three times? Each time Jesus resisted him with the words: **"It is written,"** and then proclaimed His Father's Word. (Matt 4:10) Satan is defeated by the Blood of the Lamb of God and by His Word. We read in **Revelation 12:11: And they overcame him** (the devil) **by the blood of the Lamb, and by the word of their testimony; and they loved not their lives unto the death.** The word of their testimony was their declaration of their faith in God and His Word - there is absolutely no other way to overcome Satan, because we are fighting a spiritual battle.

When you are heavily burdened, don't tell others, tell the Lord! After all, He said in **Psalm 55:22: Cast thy burden upon the LORD, and he shall sustain thee: he shall never suffer the righteous to be moved.**

When doubt comes, go to Him Who is **the Author and Finisher of your faith (Heb. 12:2).** King David often cried out to the Lord in time of need. His prayers are in the book of Psalms. God speaks of David as being "the apple of His eye" because he had an intimate relationship with his God, one of intimacy, of truthfulness and openness and there was no hypocrisy. You cannot hide anything from Father God anyway – He knows all about you and He loves you unconditionally – but He wants you to become more and more like Jesus. King David was passionate in his love for the Lord. You find that as you speak about faith in God's Word and tell of all the blessings that come from His Fatherly hand, your heart is uplifted and you feel His joy

fill you afresh. God's Word strengthens you, spirit, soul and body.

One of the most powerful, spiritual things you can do is to praise God in the midst of Satan's onslaught. It might seem difficult for you to do this when you are going through a bad attack from the enemy, but praising God in spite of the attack wins the battle, because God inhabits the praises of His people, and praising Him is the ultimate demonstration of your faith in His power to give you the victory! When the enemy comes in like a flood, whether it be to attack your home, work place, relationships, body, mind, finances, or whatever, know that this is when you need to praise and glorify God as never before! That is what Paul and Silas did in jail. We read in **Act 16:25-26: And at mid- night Paul and Silas prayed, and sang praises unto God: and the prisoners heard them. And suddenly there was a great earthquake, so that the foundations of the prison were shaken: and immediately all the doors were opened, and every one's bands were loosed.**

Hebrews 10:35-36 tells us to**: Cast not away therefore your confidence, which hath great recompence of reward. For you have need of patience, that, after you have done the will of God, you might receive the promise.** You need to speak God's Word aloud and resist the enemy by saying "**It is written**….. that if I resist the devil he shall flee from me. Now I resist you and I command you - in Jesus' Name, flee! I believe **and will not cast away my confidence in God and in His Word!" When you say that out loud, you have just proclaimed what is. The Holy Spirit will guide you and lead you systematically to the scriptures you need for each and every area in which you are being attacked by Satan, and you need to make them personal. There are three specific things you must remember, they are as follows: First proclaim the appropriate scripture boldly and with authority, secondly you must accept the scripture as God's truth and thank Him for it, and finally start praising Him for it, even before you see the outworking of God's promise! Ask God to show you by His Holy Spirit, "special" scriptures appropriate to your particular situation, then read these scriptures many times and say them out loud. Gradually you will find that you are memorising them – they will become imprinted on your heart!**

